Junie / June 2025

SSK

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

Jesus sê toe vir hom "As julle nie tekens en wonders sien nie, sal julle nooit glo nie" : Johannes 4:48



**"Bloedrooi die aalwyn langs die slingerpad. Dis of daar vonke uit elk vuurpyl spat. Maar niks, niks roer nie, net 'n luggie wat skrams aan die ritselende grassate vat..."**

*~ Uittreksel uit die gedig "Plaashek" deur Uys Krige*

# HUMANSDORP LANDBOU KOÖPERASIE

Die Humansdorpse Landbou Koöperasie (HLK), is 'n primêre landboukoöperasie wat hoofsaaklik in die Oos-Kaap handel dryf. Dit verskaf landbou-insetgoedere en ondersteunende dienste aan sy ongeveer 1840 lede, waarvan die meerderheid aktiewe kommersiële boere is. Die Koöperasie, met sy hoofkantoor in Humansdorp, is in 1944 gestig en is ongeveer 90 km vanaf Port Elizabeth. Daar word sedert 2013 na HLK as Die Koöperasie verwys toe sy handelsmerk diensooreenkomstig geregistreer is.

HLK is 'n onderneming wat vir 'n geruime tyd in 'n toestand van ernstige finansiële nood verkeer het, met verpligtinge wat nie teenoor sy krediteure, volgens terme, nagekom is nie. 'n Positiewe kontantvloeiposisie kon ook nie gehandhaaf word nie. Dit is teen hierdie agtergrond dat HLK rondom Mei 2023 met die soektog na 'n reddingstransaksievennoot begin het en wat uiteindelik daartoe gelei het dat die lede van HLK die aanvaarding van 'n voorwaardelike aanbod deur SSK, aan die einde van Augustus 2023, goedgekeur het.

Die oorredende faktor agter die sodanige goedkeuring was die feit dat SSK ook 'n primêre landboukoöperasie, wat gesamentlik deur sy lede besit en beheer word, is. Dit beteken dus dat 'n samesmelting tussen HLK en SSK daartoe sal lei dat beheer van die saamgevoegde entiteit gesamentlik in die hande van landbouers as lede sal bly. Landbouers sal dus voortgaan om al die direkte en indirekte voordele van 'n koöperatiewe struktuur te geniet.

'n Strategiese fokuspunt vir SSK was om na geografiese uitbreiding in die Oostelike of Westelike dele van sy huidige bedieningsgebied te kyk. Die samesmelting van HLK en SSK het dus by hierdie strategiese visie van SSK se Direksie ingepas en deur middel van 'n vriendelike oorname, sal SSK die beheer van HLK (Edms) Bpk verkry. Die oorname sal geskied na die omskakeling van HLK van 'n koöperasie na 'n privaat maatskappy, inaggenome die volgende kwalitatiewe faktore:

- HLK (Edms) Bpk word as 'n volfiliaal bestuur. Geen oornameverwante afleggings word beoog nie, alhoewel daar goedkeuring vanaf die Kompetisie Tribunaal verkry is om 'n maksimum 100 afleggings te implementeer.
- Die Koöperasie handelsmerk word vir die interim, met dien verstande dat SSK en verwante handelsmerke die bestaande HLK handelsmerke sal vervang, behou.
- Optimale strukture, logistieke oorwegings, geografiese liggings, bestuursamestelling, stelsels en prosesse sal tot voordeel van die gekombineerde SSK Groep ontwikkel word. 'n Voorlegging aan die nuwe HLK (Edms) Bpk Raad word vir finale goedkeuring deur die SSK Raad gedoen.
- Twee permanente Direksie stoele op SSK se Raad word aan Lede vanuit die HLK (Edms) Bpk bedieningsgebied beskikbaar gestel en twee nie-uitvoerende direkteure sal deur die huidige HLK (Edms) Bpk raad aangewys word. Die twee Direksie stoele word aan 'n nie-uitvoerende direkteur vanuit die Oos-Kaapse kusstreek, en 'n nie-uitvoerende direkteur vanuit die Oos-Kaapse binneland, beskikbaar gestel.
- HLK (Edms) Bpk se nuwe Raad sal uit SSK Hoofbestuurslede en die gekose verteenwoordigers van die onderskeie bedieningsgebied/landbou-industrieë bestaan.
- Huidige en toekomstige SSK lede geniet dieselfde voordele van lidmaatskap, ooreenkomstig die Koöperatiewe Wet en SSK se Grondwet.
- HLK Lede se aandelekapitaal en Langtermyn Ledefondse sal by omskepping deur SSK gekoop word in ruil vir 'n lening wat oor 'n maksimum tydperk van 10 jaar, rentevry, aan hulle uitbetaal sal word.

### Wat kry SSK in ruil hiervoor?

#### Finansieel

- Alhoewel HLK (Edms) Bpk se netto batewaarde wesenlik verklein het, en dit in alle waarskynlikheid minder as R100m teen die datum wanneer effektiewe beheer verkry gaan word, sal wees, sal die skuldverligting waartoe HLK se finansierders ingestem het, hierdie syfer effektief met R200m verhoog. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie voordeel in SSK gesetel sal wees, met oorweging wat daaraan geskenk word om 'n komponent van die skuld van HLK (Edms) Bpk aan SSK in kapitaal om te skep.
- Vir verskeie redes word daar oorweeg om die Veevoer bedrywighede aan die filiaal PSP oor te dra.
- Addisioneel is HLK (Edms) Bpk 'n volwasse besigheid met bestaande en betreklik stabiele inkomstestrome. 'n Omset van ongeveer R200m p.m. word steeds gerealiseer.
- Met die fokus op margebestuur, normale kredietverlening, verantwoordelike kostebestuur en ekonomieseskaal voordele, is dit belangrik om die herstel van winsgewendheid te prioritiseer.

#### Strategies

- Die oorname plaas SSK in 'n posisie om sy huidige bedieningsgebied wesenlik te vergroot. Hierdie uitbreiding kom egter nie sonder kompetisie nie, en daar sal aanvanklik op HLK (Edms) Bpk Bestuur se kennis van die kliëntebasis gesteun word.
- Groeigeleenthede is geïdentifiseer, maar 'groei' sal ook moontlik deur besparings, samewerking en die uitskakeling van onnodige duplisering tussen SSK en HLK (Edms) Bpk, plaasvind. Soos met baie ander sektore in Suid Afrika, is die landbousektor in 'n tydperk van konsolidasie.
- SSK se balansstaat sal nie noodwendig met die aankoop van HLK PL versterk nie, maar die skuld-aflosooreenkomste met HLK se finansierders, skep wesenlike waarde na afloop van die oorname, wat wel die balansstaat versterk. SSK se balansstaat word egter benodig om HLK te finansier.
- Diversifikasie, beide in geografiese gebied en kliëntebasis, sal ook meer stabiliteit in verdienste tot gevolg hê en sal SSK se algehele besigheidsrisiko verlaag.
- Die voordele van lidmaatskap word verder in Suid Afrika uitgebrei.
- HLK (Edms) Bpk word onder die beskerming van die koöperatiewe vorm ingebring.

Inaggenome al die bogenoemde inligting, is HLK (Edms) Bpk 'n goeie toevoeging tot SSK deurdat dit risiko's beperk en langtermyn volhoubaarheid bevorder.

*- Francois Swanepoel*
*SSK Hoof Uitvoerende Beampte*



HLK-lede Vergadering

# VERBETERING VAN LANDBOU: DIE UMTIZA FARMERS CORP VERHAAL

In die hartjie van die Oos-Kaap, onder die skaduwee van die seldsame Umtiza-boom, het die Umtiza Farmers Corp ontstaan. Die maatskappy, wat in 1993 gestig is, het sy begin op die rug van 'n vragmotor wat van Oos-Londen Varsproduktemark, produkte verhandel het, gemaak. Met hul hoofkantoor in Oos-Londen, is Umtiza diep in die streek gewortel, en is dit 'n sleutelspeler in die ondersteuning van plaaslike boere.

Oorspronklik bekend as Umtiza Foods, Feeds and Seeds CC, is die maatskappy deur Allan Pietrucci en Douglas Du Preez gestig, terwyl Dumisani Fadana in 2004 by hulle aangesluit het. Umtiza het as 'n antwoord op die ontbinding van Farmers Support Centres ontstaan, wat 'n dringende behoefte aan dienste vir gemeenskapsboere, veral in die voormalige tuislande, gelaat het. Vandag lewer Umtiza landbou-insette aan gemeenskapsboere en word daar ook produkte en dienste aan verskeie staatsdepartemente gelewer. Benewens die lewering van produkte, bied die maatskappy waardevolle opleidingsprogramme aan boere om hulle te help om hul boerdery-aktiwiteite te verbeter.

Die visie van Umtiza is duidelik: om 'n toonaangewende landbou-besigheid te wees wat kwaliteit produkte en dienste aan opkomende boere en gemeenskapsmarkte in Afrika te bied. Umtiza se missie sluit die herleef van landbou in, deur die opbrengste in landelike gebiede te verhoog. Die doel is om nie net 'n bron van inkomste aan individue te bied nie, maar ook om 'n positiewe bydrae tot die ekonomie vir die bedieningsgebied te lewer. Deur die samewerking van beleggers, verskaffers, werknemers en klante, streef Umtiza daarna om 'n volhoubare en winsgewende benadering tot landbou te handhaaf.

Die groei van Umtiza is bereik deur 'n gefokusde benadering op kommunale en opkomende markte. Wat begin het as 'n enkele tak in Qonce (voorheen bekend as King William's Town), het vandag tot 'n netwerk van 17 takke met 'n volwaardige distribusiesentrum, wat van die Groot Visrivier tot die Mthatharivier strek, gegroei. Teen 2004 het Umtiza sy eerste tak in die voormalige Transkei gestig, wat vir verdere uitbreiding, gesorg het. Toeganklikheid tot 'n handelstak is moontlik in die volgende dorpe: Alice, Dutywa, Qonce, Mqanduli, Peddie, Tsomo, Berlin (asook die distibusiesentrum), Oos-Londen, Keiskammahoek, Mthatha, Qumbu, Whittlesea, Butterworth, Fort Beaufort, Ngcobo, Stutterheim en Cacadu. In 2017 is die maatskappy deur Die Humansdorp Koöperasie oorgeneem. Hierdie vennootskap het 'n nuwe bestuurstruktuur en 'n hernude fokus op verbeterde dienslewering meegebring.

Die bestuur van Umtiza is 'n diverse groep van professionele individue wat die maatskappy lei. Onder hulle is Dumisani Fadana, wat vir meer as twintig jaar ervaring in die Oos-Kaapse Departement van Landbou, het. Die Besturende direkteur, Wonga Tuta, se 25 jaar ervaring in besigheidsontwikkeling en landbou, dra by tot die besigheid se sukses. Umtiza se bestuurspan bestaan ook uit 17 takbestuurders, met 50% wat swart vroue is en wie 'n ryk diversiteit van ervaring en vaardighede tot die landbousektor bied.

Umtiza verskaf 'n wye reeks landbou-insette insluitend dierevoer, veeartsenykundige produkte, kunsmis, sade en tuingereedskap. Die maatskappy is 'n groot verskaffer van EPOL dierevoer in die Oos-Kaap en werk met leidende farmaseutiese maatskappye soos Afrivet en Zoetis saam. Benewens die produkte, bied Umtiza ook inhuis opleiding deur die aanbieding van landbou verbeteringsprogramme. Hierdie sluit in die veilige gebruik van landbou chemikalieë, wat in gemeenskaps-vriendelike fasiliteite gestoor word.

Die toekoms van Umtiza is rooskleurig. Met 'n sterk fokus op die verbetering van landbou-aktiwiteite en die ondersteuning wat aan gemeenskapsboere gebied word, is Umtiza Farmers Corp op pad om 'n leidende rol in die landboubedryf, te speel. Deur volhoubare praktyke en 'n passie vir die groei van plaaslike ekonomieë, werk Umtiza daaraan om nie net boere se lewens te verbeter nie, maar ook om die toekoms van landbou in die Oos-Kaap te verseker. Umtiza is nie net 'n verskaffer nie; Umtiza is 'n vennoot in sukses en groei.

***- Francois Loots***
***Hoofbestuurder: Kommersieël***



**Umtiza Farmers Corp is na die Umtiza-boom wat aan die kus van die Oos-Kaap gevind word, vernoem. Die boom is 'n bedreigde boomspesie en kom voor op die SA-lys van beskermende bome.**




**Die ingang van die Umtiza-tak op Umtata.**



**'n Wye verskeidenheid van produkte word by takke verkoop.**



**Voersakke is netjies gepak in die winkel.**

# JAKE CROWTHER FROM OAKHURST FARM

At first glance, it appears to be an ordinary dairy farm, when you turn off the Hoekwil tar road. The large brown signboard at the entrance isn't hard to miss and boldly reads Oakhurst Farm. I stop at the farm shop, and there's a bustle of people. The lady behind the counter is explaining to a customer, who's pleading for fresh milk, that unfortunately they've already sold out for the day.

I take a seat at a table among some of the other guests. A farm vehicle pulls into the parking area, and I immediately recognize Jake Crowther, whom I met at SSK's recent Neal Kinsey Soil Fertility Workshops. Jake, fifth-generation farmer and owner of Oakhurst Farm, walks over, and we greet each other like old friends. Jake calls the lady behind the counter over and introduces her to me as his wife, Claire.

Oakhurst Farm is one of the handful commercial dairy farms in the Hoekwil area. The accommodation business, run by Claire, Oakhurst Farm Cottages, is a well-established name known among both South African and international visitors. Claire tells me that Jake and herself started the accommodation business sixteen years ago, with just one cottage. The additional cottages, were converted-restored workers' houses which were added when a new housing project (Touwsranten), was established in the area for the local community. This project culminated in farmworkers receiving title deeds, and thereby home ownership, from the government. Today, they own 19 self-catering units, including 8 Afri-Camps tents. Jake mentions that Claire and her team manage the accommodation division of the business with great care. He proudly says that she's creative, business-minded, and deeply passionate about what she does. Claire also gives Jake credit, saying he's the more rational one and tends to think things through carefully, before making decisions. She describes him as, "what you see is what you get," and adds that the staff absolutely adore him.

The couple, who will celebrate their 22nd wedding anniversary this year, first met in their late twenties. Claire is originally from Bethlehem in the Free State, while Jake grew up here on the farm. They have three beautiful daughters: Landon (23), Holly (20), and Anna (15). Both Holly and Landon are studying at the Silwood School of Cookery in Rondebosch, while Anna is in Grade 10 at Glenwood House School in George.

The dairy operation started in 2003, and Jake now farms with 850 Jersey cows. They also farm on a smaller scale with Angus beef cattle and grow maize for silage. The average milk yield is 17 litres per cow per day, and great care is taken to apply precision farming techniques to optimise production. He believes that happy cows boost production. The farm spans 640 hectares, of which 400 hectares are used for grazing, with the rest consisting of indigenous forest.

Jake offers to show me the rest of the farm. As we drive, every turn reveals its own history and story. What stands today as a showpiece farm was originally purchased as undeveloped land by Henry Dumbleton in 1820. At the time, Henry was serving in the British war against India and only sent his son, Henry Dumbleton Jr., here twenty years later. The original farmhouse, built by Henry Jr. in the early 1840s, is now home to Jake and his family. The blacksmith's workshop, also built by him, now serves as a guest unit known as The Forge.



**Claire and Jake with their daughters.**
**F.l.t.r.: Holly with Kipper, Anna and Landon with Teddy**

In 1860, Henry Jr.'s brother Walter arrived on the farm. He built a second farmhouse in 1868 for himself, his wife, and their 13 children. Walter also oversaw further developments, and in the 1870s he built the Oakhurst Anglican Church, a water mill, and a school. The church is still used regularly by the local community for services, funerals, and weddings. The water mill remains untouched and was last used in the 1960s. The school closed its doors in 2011 and has since been converted into four extra cottages and a shop.

> *"It's not only Jake's ancestors who've left a legacy here, but also the people he grew up alongside, and now works with."*

It's not only Jake's ancestors who've left a legacy here, but also the people he grew up alongside, and now works with. Jake explains that his co-workers are like family to him, and he tells me about Lenie Bewee, Oom Tos Appels, Awie de Swart, and Hans Louw. Awie worked for the Crowthers for 50 years, and Lenie for 42. The day Lenie suddenly passed away was a heavy blow for Jake. He also tells me about Hans, who walks so fast with his prosthetic leg that Jake sometimes wonders if Hans even remembers that he has a prosthetic leg.

We stop at some of the converted-restored workers' houses which are now used as guest cottages. Each of these units is named after one of these dear people, with signs on the front doors reading names like Lenie's Lair and Awie's Attic.

We drive back through the beautiful eucalyptus tree-lined avenue, the wind gently whispering through the branches. I ask Jake if he still sees the beauty of the farm, and he answers with a smile, "Every second of my life!"

*- Astrid Fisher*
*Marketing and Communication Specialist*

# DIAAN OOSTHUIZEN

## Kredietbestuurder, Mosselbaai

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek het op 'n plaas in Albertinia grootgeword en het my skoolloopbaan aan die Hoër Landbouskool Oakdale voltooi. Na matriek voltooi ek 'n B.Sc Agric Landbou Ekonomie: Analise en Bestuursgraad aan die Universiteit van Stellenbosch. Ek en my vrou Laura, 'n onderwyseres, het mekaar op universiteit ontmoet en woon sedert 2019 weer in Albertinia. Ons is geseënd met twee woelwaters, Alexa (3) en John (2).

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons geniet dit om te gaan stap en om uitstappies na die see mee te maak. Alhoewel dit op hierdie stadium 'n uitdaging met die kinders is, voorsien ons dat ons in die toekoms ook weer sal gaan kamp.

Ons is bevoorreg om Alexa en John op 'n plaas groot te maak waar hulle die geleentheid om skape en hoenders te versorg, geniet. Die kinders leer van kleins af een van die basiese beginsels van 'n boerdery, "sorg vir die dier of gewas en die dier of gewas sal vir jou sorg".

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Kort nadat ek my studies voltooi het, begin ek as Kredietbestuurder by SSK en word ek by hul Mosselbaai-tak geplaas. Willem Burger (voormalige Senior bestuurder: Krediet) tree as my mentor op tot-en-met sy aftrede in 2022. Sy ervaring en kennis was van onskatbare waarde en ek sal vir ewig vir hom dankbaar wees, veral vir sy leiding gedurende my vormingsjare.

My bedieningsgebied sluit die binneland en kusgedeelte wat oos van die Gouritsrivier begin en wat tot by Plettenbergbaai strek, in. Ek bedien ook die Langkloof (Avontuur tot by Joubertina) en die Groot-Karoo (Uniondale tot by Aberdeen). Ek geniet my werk verskriklik baie en ek glo die rede is die besonderse mense-verhoudinge wat ek oor die afgelope nege jaar opgebou het. Die feit dat elke dag sy eie uniekhede bied, speel ook 'n rol.



V.l.n.r.: John, Laura, Alexa en Diaan Oosthuizen

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

My grootste loopbaanprestasie is waarskynlik die feit dat ek kan terug kyk en trots kan wees op hoe baie ek in my huidige posisie sedert 2016, gegroei het. Landbou bied besonderse uitdagings. Om deel van 'n hardwerkende span te wees, wat elke dag hul beste doen deurdat hulle lede met advies en kredietverskaffing bystaan, is in opsigself vir my 'n voorreg en 'n prestasie.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Ek sal graag nog deel van die kredietspan, wat 'n positiewe verskil aan SSK-lede se boerderyebedrywighede maak, wil wees. Graag sal ek meer wil leer sodoende die fynere aspekte van dié beroep te bemeester.

SSK is reeds besig om van krag tot krag te gaan en ek glo dat die toekoms verdere groei vir die besigheid inhou. Dit is belangrik om 'n fyn balans wat tussen vooruitgang en die voorsiening in lede se werklike behoeftes, te handhaaf.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

Eerstens om nooit op te hou om na bo te kyk nie en te weet dat Hy niks op jou pad sal stuur wat jy nie kan hanteer nie. Elke gebeurtenis in die lewe is vir 'n groter doel, ons moet dit net raaksien.

Wyshede waaraan ek myself gereeld herinner is "Failing to plan is planning to fail" en die KISS beginsel (Keep it simple, stupid!) – doen jou beste en terselfdertyd moenie die lewe vir jouself te ingewikkeld maak nie. Maak die lewe lekker!

## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | FEB 2025 | MAART 2025 | APRIL 2025 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 65 | 80 | 60 |
| Albertinia | 12 | 54 | 89 |
| Ashton | 2 | 31 | 29 |
| Avontuur | 26 | 75 | 117 |
| George | 81 | 56 | 100 |
| Heidelberg | 17 | 166 | 86 |
| Herold | 16 | 24 | 70 |
| Joubertina | 0 | 15 | 30 |
| Karringmelks | 10 | 52 | 72 |
| Knysna | 52 | 39 | 107 |
| Krakeel | 0 | 15 | 30 |
| Krombeksrivier | 11 | 123 | 65 |
| Misgund | 16 | 50 | 69 |
| Mosselbaai | 35 | 55 | 70 |
| Protem | 8 | 45 | 60 |
| Plettenbergbaai | 33 | 69 | 66 |
| Riversdal | 15 | 84 | 71 |
| Swellendam | 14 | 27 | 86 |
| Uniondale | 13 | 26 | 78 |

**Gelliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**



## SSK VERSEKERING PRESTEER




**V.l.n.r: Mic Gildenhuys (Bestuurder: Versekering) en David Wolvaardt (Risiko-adviseur: Versekering, Heidelberg)**

'n Trotse oomblik vir SSK Versekering wat tydens die jaarlikse Old Mutual Insure Broker Awards, in die kategorie Outsourced Business, met die brons-toekenning weggestap het.




## MINIMUM LOON

**Neem kennis: Die hersiening van die Nasionale Minimum Loon is met die ingang van 1 Maart 2025 gewysig na R28.79 per uur (4.4% verhoging).**

**Vir meer inligting besoek ons webtuiste by https://www.ssk.co.za/af/nuus/**

## SSK LANGDIENS ERKENNING

**25 JAAR:** John Michaels, Louis Ganga en Johan le Roux

**20 JAAR:** Jimmy Eksteen en Isaac Swart

**15 JAAR:** Phumile Ngqwiti, Brandon Hartwick, Francois Moller, Riaan Jakobs, Shaun Snyers, Suné Levendal en Adriane Deveroux

**10 JAAR:** Desmond Hayes, Petrus Swart, Sumarie Gaffney, Heinie Harmse, Nico Keyser, John Hendricks, Bettie Barnard, Veronica Rossouw, Henry Louis, Jeanette Gerber en Anonese Cornelius



**Francois Loots (Hoofbestuurder: Kommersieël) wens Johan le Roux (Bestuurder: Aankope) geluk met sy 25 jaar diens.**



**Francois Kistoor (Produksiebestuurder: Veevoer) wens John Michaels (Skof Voorman: Veevoer) geluk met sy 25 jaar diens.**



**Francois Kistoor (Produksiebestuur: Veevoer) wens Louis Ganga (Pilmasjien Operateur: Veevoer) geluk met sy 25 jaar diens.**



# SSK AGRILAND: ROBERTSON



**Agter v.l.n.r: Deneal Isaacs, Melanie van Wyk en Desmond Hayes**
**Voor v.l.n.r: Amy Kleynhans, Chantelle du Toit, Arthur Mdliwa en Heywan Africa**

Robertson het oor die jare een van die gewildste dorpe in die Breërivier-streek geword. Met luukse akkommodasie-fasiliteite wat hier gevestig is en 'n groeiende besigheids-sektor wat aansienlik uitgebrei het, was dit vir SSK 'n gunstige besluit om te neem deur sy besigheid tot hier uit te brei. Robertson Agriland se deure is op 30 Maart 2010 geopen met die fokus om produk-en diensverskaffing meer toeganklik, veral aan produsente wat sover as Swellendam moes ry vir voorraad, te maak. Die opening was met groot opwinding en optimisme deur kliente, produsente en personeel ontvang.

As deel van SSK se bedieningsgebied en die ander 21 handelstakke, is Robertson die verste wes en bedien dit die landbougemeenskappe van Robertson, Ashton, Montagu, Bonnievale en Nuy.

Desmond Hayes, wat vir die afgelope ses jaar dié distrik as veldbemarker bedien, is onlangs as die nuwe takbestuur aangestel. Met sy waardevolle kennis en uitstekende kliëntediens, gaan hy in sy nuwe posaanstelling ook die rol as veldbemarker verrig. Desmond noem dat dit vir hom bevredigend is om te sien hoe die tak oor die jare gegroei het. Die verhouding wat daar met kliënte oor die jare gebou is, is alles te danke aan die tak se hardwerkende en vriendelike personeel.

Draad, pale en veevoer bly van die topverkopers by die tak. Baie boere het ook met die toevoeging van net-strukture op hulle landerye begin en die tak kan nie voorbly met genoegsame voorraad nie. Kommersiële vrugte- en groenteboerdery in dié streek is van die bekendstes in ons land. Daar word hoofsaaklik op tafel- en wyndruiwe, pruime, perskes, pere, appelkose, bloubessies, olywe en tamaties gefokus. Vir die dag-tot-dag noodsaaklikhede bied Robertson Agriland 'n wye reeks handelsmerke in troeteldierkos, kunsmis, skoonmaakprodukte en gereedskap.

Gaan loer volgende keer in by Agriland Robertson en hoor hoe Desmond en sy vriendelike span jou kan help.

*- Astrid Fisher*
***Bemarking en Kommunikasie Spesialis***

# SSK AGRILAND DISTRIBUSIESENTRUM

Daar was onlangs groot opwinding binne SSK met die viering van die eerste bestaansjaar van Agriland se distribusiesentrum op Herold. Die sentrum wat sy deure op 28 Maart 2024 geopen het, bedien al 22 Agriland handelstakke in SSK se bedieningsgebied. Met die huidige besigheidsomgewing wat soveel uitdagings bring en wat deur onbestendigheid, onsekerheid en verandering gekenmerk word, was dit noodsaaklik om strategiese planne vir die toekoms, te implementeer. Die distribusiesentrum het SSK in staat gestel om ontwrigtings in die voorsieningsketting, asook die effek daarvan op SSK se kliëntediens, te minimaliseer.

SSK se fokus om kwaliteit dienslewering aan sy kliënte te bied, bly van kardinale belang. Die implimentering van volhoubare strategieë en inisiatiewe soos die distribusiesentrum, plaas die besigheid nie net in 'n meer kompeterende posisie nie, maar dit bied ook die geleentheid aan SSK om op 'n meer effektiewe wyse die beskikbaarheid van produkte teen die regte prys, beter te bestuur en onverwagte struikelblokke te verminder.



**Voorraad word in getalle gestoor en na takke versprei.**

Die distribusiesentrum stel SSK ook in staat om sy skaalvoordele ten opsigte van voorraad aankope beter te benut en kon SSK reeds daaraan slaag om verskeie voorraad items goedkoper aan sy lede en ander kliënte aan te bied. Met 17 personeellede bedien die distribusiesentrum tans die Agriland takke met 4 112 verskillende item-lyne met aflewerings wat elke tweede week geskied. Die distribusiesentrum se afleweringsvoertuie het die afgelope jaar meer as 61 216km afgelê om meer as R75 miljoen se voorraad items by die takke af te lewer.

Ons wens dié span alle sukses toe en gee erkenning vir die belangrike rol wat hulle in SSK vervul, en in die toekoms gaan vervul.

*- Astrid Fisher*
***Bemarking en Kommunikasie Spesialis***




**SSK Distribusiesentrum-personeel vier die sentrum se eerste bestaansjaar.**

# GROOT PAMPOENFEES HEIDELBERG

Dit was 'n dubbele wen vir Piet Lotz van Blombos Boerdery (Stilbaai-distrik) wat as die Suid-Afrikaanse Pampoen-kampioen by hierdie jaar se Heidelberg Groot Pampoenfees aangewys is. Piet het nie net sy eie rekord verbeter nie, maar hy het ook die Suid-Afrikaanse rekord gebreek. Sy eerste inskrywing het 1062kg ingeweeg, gevolg deur 'n tweede inskrywing van 1120kg. Hierdie wen pampoen is ook die grootste pampoen wat ooit in die Suidelike Halfrond ingeweeg is. Die allemintige pampoen het verseker dat Piet dié kompetisie vir 'n derde keer wen. Hy neem al vir die afgelope 13 jaar aan die kompetisie deel en noem "die saadjie is geplant" toe oom Pinkie Swart, 'n voormalige SA-rekordhouer, vir hom 'n pampoenplantjie in 2013 gebring het. Piet sal graag die Amerikaner, Travis Gienger, se huidige wêreldrekord van 1247kg, wil klop.

Die fees wat 'n jaarlikse instelling op die feeskalender is, trek deelnemers en besoekers van regoor die land. Die Suid-Afrikaanse rekord vir die swaarste pampoen is al vier keer by die Heidelberg Groot Pampoenfees verbeter. Met die eerste pampoen inweeg wat in 2008 gehou was, het die wen-pampoen 'n skrale 47kg geweeg. Surplus fondse wat tydens die Heidelberg Groot Pampoenfees genereer word, word terug in die plaaslike gemeenskap deur behoeftige instansies finansieël te ondersteun, geploeg. Na die fees word die pampoenpitte van die grootste pampoene ge-oes en die "vleis" van die pampoene word aan voedingsskemas geskenk.

*- Astrid Fisher*
*Bemarking en Kommunikasie Spesialis*
*Foto's verskaf deur: Piet Lotz en Carlene Cronje*



**Piet by sy 2560 Gienger 2 dae voor die kompetisie.**



**'n Trotse oomblik! Piet saam met sy mede-pryswenners. Die kampioen pampoen pronk in die middel, agter Piet.**

# SSK JOUBERTINA GHOLFDAG

Gholfspelers vanuit die Langkloof en omliggende streke het op 17 Mei weer opgewonde by die Langkloof Gholfklub op Joubertina vir die SSK Gholfdag, bymekaar gekom. Dié gholfdag word elke tweede jaar hier aangebied en die geleentheid sorg, soos altyd, vir net die beste uit die Kloof.



**Wenners v.l.n.r: Barry Marais, Gustav Stander, André Burger (SSK Senior Bestuurder: Handel), Sarel Fick en Anton Stander**



**V.l.n.r: Alfred Challis, Carel Kritzinger, Daleen Kritzinger en Karina Gerber**



**V.l.n.r: Shaun McMaster, Christiaan Barnard, David Human en Raymond van Rensburg**



**V.l.n.r: Renaldo Giles, Alfred Strydom, Steven Willie en Matthew Zondagh**

Redaksie: Astrid Fisher | Tel: 044 601 1200 | astrid.fisher@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

www.ssk.co.za